

# Maak 'n verskil!

Chris van Wyk



**M**inister Trevor Manuel het in Februarie 2008 die regering se MIV/vigs-program 'n hupstoot gegee toe hy 'n bykomende R2,1 miljard hiervoor bewilling het weens die groeiende aanvraag na antiretrovirale middels (ARM). Gevolglik sal 'n halfmiljoen méér mense toegang hê tot dié omvattende behandelingsprogram.

Die geld is bykomend tot bestaande programme en sal die aantal mense wat getoets word, verhoog en die reeks voorkomingsprogramme uitbrei. Dit sal die regering se uitgawes op sy vigs-programme laat groei tot R9,8 miljard oor die volgende drie jaar. 'n Baie tydig aksie, want die nuutste aktuariële beraming plaas die getal mense in die RSA wat reeds MIV/vig het op 5.6 miljoen!

## En die kerk?

*Kerkspeël 2006* wys byvoorbeeld dat meer as die helfte van NG gemeentes geen aandag aan MIV/vigs spesifiek gee nie. Die kerk is baie meer aktief by twee van die “Sewe Reuse” wat die samelewing van Suid-Afrika uitdaag (SACLA 2003), naamlik armoede en werkloosheid (80%) sowel as gesinskrisisse (71%). By die ander vyf van die “Sewe Reuse” is gemeentes minder aktief, te wete misdaad en korrupsie (42%), geweld (38%), MIV/vigs (35%), rassisme (33%) en seksisme (14%).

'n Ander interessante feit is dat die grootte van gemeentes en die spesifieke bedieningsmodel wat hulle volg 'n beduidende rol in hierdie betrokkenheid speel. Stads- en voorstedelike gemeentes (teenoor plattelandse en grootdorp-gemeentes) en gemeentes wat met 'n kleingroep-model (teenoor 'n tradisionele wyksmodel) werk, is meer betrokke by die “Sewe Reuse”, onder andere by MIV/vigs. Vier-en-veertig persent van kleingroepmodel-gemeentes is by MIV/vigs betrokke, teenoor 29% van gemeentes wat die tradisionele wyksmodel handhaaf. (Gemeentes wat 'n kombinasie van wyke en kleingroepe het, doen ook beter met 42%).

'n Mens sou lank kon gesels oor die redes vir hierdie oënskylnike “probleemstorie”. Jy kon wys op die gebrek aan sigbaarheid van MIV/vigs in sommige gemeentes, die terughoudendheid om oor seks en die dood te praat, en dat gemeentes by soveel ander sake betrokke is dat hulle nie nog ook hiervoor óók kans sien nie.

Ons wil egter in dié *Kruisgewys* 'n meer waarderende lig laat val op wat wél op die gebied van MIV/vigs in die kerk gebeur. Ons wil dat in dié stories leraars en gemeentes hoop kan skep en kan onderskei waar op 'n praktiese manier

ingeskakel kan word.

Die storie van die arm Shiselweni-gemeente in Swaziland is so 'n pragtige “alternatiewe storie” wat 'n uitdaging aan die gemeentes in die res van Suidelike Afrika rig om daadwerklik iets aan dié reus van MIV/vigs te begin doen.

**Willie van der Merwe** skryf in *Die kairos in die MIV/vigs-krisis* oor die wyse waarop die NG Kerk sedert die negentiger jare na MIV- en vigs-mense uitreik en verduidelik drie aspekte van die huidige strategiese proses – bladsy 3.

**Nelis du Toit** skryf in *Die olifant in die kamer* oor sy persoonlike reis met die MIV- en vigs-pandemie as 'n motivering vir gemeentes om as liggaam van Christus by die werklikheid daarvan betrokke te raak – bladsy 4.

**Aneleh Fourie-le Roux** skryf in *Dis óns probleem* oor die mobilisering van gemeentes om doelbewus vigs-vriendelik te raak en bied uitgebreide hulp aan deur middel van CABSAs se “Kerke, Kanale van Hoop”-projek – bladsy 6.

**Nelis du Toit** skryf in *Vigs-vriendelike gemeentes* namens die Vigsaksiegroep van die VGK Ring van Wynberg oor hulle vyf jaar lange projek om 'n praktiese verskil in hulle omgewing aan MIV en vigs te maak – bladsy 7.

**Aneleh Fourie-le Roux** skryf in *Op reis met MIV-positiewe mense* oor die intense emosies wat sy in haar betrokkenheid by MIV-positiewe mense ervaar het. Dit wissel tussen die Godverlate hartseer oor twee vriendinne wat dood is aan vigs en die onverwagse inspirasie van MIV-positiewe mense wat met oorgawe leef, ten spyte van die siekte – bladsy 10.

**Lynette van Wyk** vertel in *Vigs op my drumpel* die aangrypende verhaal van Wiseman, die flinke werker by 'n weldoener se strandhuis, en die tragiek van sy dood aan vigs – bladsy 12.

**Aneleh Fourie-le Roux** beskryf in “*Ek is MIV-positief*” meer volledig die verhaal van Cecelia Kruger, “iemand wat moedig bly en altyd 'n glimlag het ten spyte van moeilike omstandighede” – bladsy 13.

**Chris van Wyk** skryf in *Die hande en voete van Christus in die gemeenskap* die verhaal van Arnau van Wyngaard en die gemeente van Shiselweni in Swaziland, wat onlangs die tweede prys in die *Courageous Leadership Awards* van Willow Creek Community Church in Chicago vir hulle *Home Based Caregivers* projek gekry het – bladsy 14.

In *jou taal verraai jou hart help* **Nelis du Toit** ons om sensitief met MIV- en vigs-taal te werk – bl 16.

Daar is nóg stories en skakels by [www.gemeentes.co.za](http://www.gemeentes.co.za) na meer MIV/vigs-inligting. Moenie dit net lees nie, maar stuur vir ons alternatiewe stories van hoop. Neem deel aan die blog – ons luister graag. *Inspireer ons met julle stories dat ons saam 'n verskil kan maak!*

● Die foto op die voorblad is 'n 3-D kristallografiese beeld van die antiliggaam b12 (groen strikkie) in kontak met 'n kritiese teiken (geel) vir entstof-ontwikkelaars op MIV-1 gp120 (rooi). Deur die antiliggaam lyk die MIV-proteïen kwesbaar, wat die hoop onder wetenskaplikes laat opvlam het dat 'n entstof teen MIV/vigs tóg ontwikkel sal kan word. Ek gebruik die foto om die hoop lewend te hou ...

(Foto vrygestel deur die National Institute of Allergy and Infectious Diseases. [NIAID].)